Die Koerier

Jaargang 37
Nommer 01

GEREFORMEERDE KERK LYTTELTON

www.gklyttelton.org.za

ONS EREDIENSTE VANDAG

Ons Gemeente wil graag Ds. Casper Breed van harte bedank vir sy onbaatsugtige diens hier by GK Lyttelton tydens die verlof van Ds. Christo. Dankie dat u ingewillig het om ons met die Woord te kom bedien.

Die Oggenddiens

Ds. Casper Breed bedien vanoggend die Woord. 'n Mens se lewe bestaan uit drie fases. Die eerste fase is jou lewe op hierdie aarde tot met jou dood. Die tweede fase is jou lewe in die doderyk tot met die opstanding van jou liggaam. Die derde faseis jou lewe vanaf die opstanding van jou liggaam tot in die ewigheid. Ons gaan vanoggend die tweede fase van die lewe in die prediking ondersoek en vanaand die derde fase.

Tema: Die lewe in die doderyk.
Lees: Lukas 16:19 – 31 en Openbaring 6:9 – 11
Teks: Lukas 23:43
Sing:P Psalm 138:1,2; Skrifb 12-3:1,2; Psalm 65:2; Psalm 103:8,9; Psalm 16:4,5

'n Mens se dood is nie die einde van die pad vir jou nie. Nee, die lewe gaan voort anderkant die graf. Jesus Christus het vir die misdadiger wat langs Hom gekruisig is, gesê: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Aanddiens

Ds Casper Bred preek vanaand. Daar sal 'n dag kom wanneer almal wat deur die eeue gesterf het, liggaamlik uit die dood sal opstaan en 'n heerlike ewigheidstoekoms sal ingaan.
Tema: Die opstanding van die liggaam en die ewige lewe.
Lees: 1 Korintiërs 15:35 – 58
Teks: 1 Korintiërs 15:52
Sing: Psalm 33:1, 5; Skrifb 18-1:1, 6; Skrifb 18-6: 1,2,3,4,5

MEELEWING

Sr Elsie Buys, die moeder van Sr Griet Swanepoel was die afgelope tyd ernstig siek en was in die Unitas Hospitaal opgeneem met n aritmiese hartklop. Sy is daarvoor behandel. Daarna het sy 'n stent ingeplant. Griet dra graag haar dank oor vir die meelewing, boodskappe en telefoonoproepe.

Br Koos Oosthuizen se gesondheid het ook agteruit geann. Hy word tuis versorg en ons dra hom ook graag in ons gebede op.

Baie geluk Jaco en Elisma van der Merwe met die geboorte van klein Leah OP Saterdag 12 Januarie, mag sy vir julle tot groot seën wees. Geluk ook aan die grootouers Kobie en Jannie Nieman.

Daar het die afgelope Donderdag 'n babadogtertjie vir Petrus en Zelda Mulder haar opwagting gemaak. Ook baie geluk, ook aan die grootouers, Mias en Johannet Mulder.

Dan is dit vir ons 'n voorreg om u almal terug te verwelkom na die vakansie. Ons sien uit na 'n nuwe jaar vol interessante uitdagings en wens ons skoolkinders en studente wat met verdere studies besig, 'n suksesvolle jaar toe.

MANNA EN KWARTELS VIR DIE GEES

Dr Callie Opperman, emeritus predikant van Windhoek-Suid en nou woonagtig te Swakopmund.
FOKUSGEDAGTE

Die Here is by my - ook in 2019
FOKUSVERS
Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.In u hande is ek veilig (Psalm 23:4)

In die Herderspsalm word die sterk band tussen die Here en sy volgelinge beskryf. Die waarde daarvan is so groot, dat die skaap (die gelowige) kan bely: Selfs in donker, gevaarlike tye is daar geen bangheid nie. Die Herder is altyd by jou. [LEES Psalm 23] So is Jesus ook Immanuel. In Hom is God by ons. In sy hande is ons veilig. Sy hande het krag. Sy hande is liefdevol. Sy hande is onder, bo, voor en agter ons.

Met die nuwe jaar wat voor ons wag, is daar verskeie donker kolle. Vir sommige dalk ook dieptes, wat angs en onsekerheid kan bring. Die finansies knyp, werkgeleenthede is skaars, sommige het geliefdes aan die dood afgestaan, by ander is daar ernstige siekte wat soos 'n swaard oor die hoof hang, en vir nog ander is daar onsekerhede wat in die hart broei. In Suid-Afrika bou die verkiesingskoors op, wat weer sy eie impak op almal se lewens het. Boere wag op uitkoms vir hulle saailande en die veld. By die donker van onsekerhede, moedig ek jou met hierdie Psalm aan om jou oog op Jesus Christus te hou. Hy is die getroue Herder. God is ook ons Vader, wat almagtig is en wat ons met 'n onvernietigbare liefde versorg en lei. Deur sy Gees wat in ons woon, versterk Hy ons geloof en gee daardie krag en moed, wat soms verstom.

Kom ons bely met 'n vaste oortuiging: Ek sal nie bang wees nie, hoe donker die pad ook mag wees. Ek weet dat my Herder by my is. In sy hande is ek veilig.

18 JANUARIE

Eerskomende Vrydagaand is dit die jaarlikse byeenkoms van die ouderlinge, diakens en Wyksusters. Al die gades word uitgenooi om saam te kom kuier by hierdie geleentheid. Ons gaan braai. Die vure sal daar wees en die gebruiklike pap en sous. Bring vir jouself ’n gemaklik stoel, drinkgoed en ’n slaai vir 4-5 ekstra mense saam.

TV-REEKS OOR KULTES EN KULTARIESE GROEPE SUID-AFRIKA

Die TV-reeks **Openbarings**, wat handel oor kultes en kultariese groepe werksaam in Suid-Afrika, vind plaas op Donderdae en Sondae op **VIA (DSTV kanaal 147) – 13 – een uur lange episodes**.

Prof Henk Stoker, van die Teologiese Skool, was een van die adviseurs vir die program en van die GKSA se predikante en ‘n teologiese student tree ook op in van die programme.

Datum	Tyd	Herhalinq	Tyd	Onderwerp
Donderdag 17-01-2019	20:30	Sondag 20-01-2019	21:00	Christ Gospel Church
Donderdag 24-01-2019	20:30	Sondag 27-01-2019	21:00	Providence & Shin-cheonji
Donderdag 31-01-2019	20:30	Sondag 03-02-2019	21:00	Jehovah-getuies
Donderdag 07-02-2019	20:30	Sondag 10-02-2019	21:00	Grace Gospel Church & Church Team Ministries Interna-tional
Donderdag 14-02-2019	20:30	Sondag 17-02-2019	21:00	Spade Reënsending (Blou Rokke)
Donderdag 21-02-2019	20:30	Sondag 24-02-2019	21:00	Universal Church of the Kingdom of God
Donderdag 28-02-2019	20:30	Sondag 03-03-2019	21:00	Israelvisie, Dogter-van Sion

BEROEPENUUS

Beroepe aanvaar

• Ds R Jansen van Vuuren (Riaan) van Hendrina/Carolina-kombinasie na Lichtenburg

• Proponent CJ Lemmer (Jaco) na Buffeldoorns (Fochville)

Beroepe bedank

• Proponent CJ Lemmer (Jaco) na Piet Retief



GEDAGTE VIR DIE WEEK

Here, ons Here,
hoe wonderbaar is u Naam
oor die hele aarde!
Psalm 8:10

GEMEENTEKAMP 2019

Ons gemeentekamp vir 2019 vind weer gedurende die 3e naweek van September, te wete 13-15 Sept plaas. Dit is weer by Bosveldwegbreek waar ons nou vir die 9e jaar agtereenvolgens gaan kamp.

Ouderling Hardus du Plessis is nou ons kampkommandant en ons wens hom sterkte toe met die reëlings. Ferdie van Wyk sal nog op die agtergrond wees indien hy van hulp kan wees.

Verlede jaar se klamp was ’n groot sukses. Vra maar net vir diegene wat daar was. Veral Saterdagaand met die Noot vir Noot kompetisie was ’n hoogtepunt. Maak nou al reeds ’n aantekening van die datums.

Navrae kan gerig word aan Hardus du Plessis by 071-330 -4579.

SUSTERSAAMTREK 2019

Die susters van Gereformeerde Kerke Oos-Moot en Die Kandelaar nooi julle na uit na die susters se jaarlikse saamtrek vir die Pretoria-streek.
DATUM: 9 Maart 2019
TEMA: Om-gee-wingsbewus - God se kinders gee om vir sy skepping
PLEK: NG Kerk Magalieskruin
Volledige inligting volg binnekort. Hou die Koerier dopen maak 'n aantekening van die datum.
Navrae: Henriëtte Meijer (084 406 2027) of Marlyn Wibbelink (082 664 7653)

Ons susters woon gereeld hierdie saamtrek by en jy word hartlik uitgenooi om saam te gaan kuier. Praat met Griet, Marie Greyling of Marlette van Rooyen.

SILWERKRONE

Die Silwerkrone bestuur vergader na die Bybelstudie in die Kerksaal.

ENGELE

In die November uitgawe van die Kerkblad gee Prof Cassie Coetsee 'n goeie beskrywing in die rol van Engele. Jy kan dit in die redaksionele kommentaar. Gy gaan dit later opvolg met 'n 2e bespreking.

Vertrou die verlede toe aan God se genade, die hede aan Sy liefde en die toekoms aan sy voorsienigheid. - Augustinus

HIERDIE WEEK HOU ONS, ONS BESIG MET:

Vandag: Die kollekte tydens die erediens is vir die **Diens van Diakens** en by die deure vir **die Bybelverspreiding** Die ouderlinge en diakens van wyke 3 en 4 is aan diens. Die susters van Wyk 4 nooi jou na die diens saam te kom tee drink by Dopperdraai.
Katkisasie: Die katkisasie open in die Kerk na die Diens
Bybelstudie: Dinsdag om 09:45, Donderdag om 18:30

VERJAARSDAE

Vandag: Br Riaan van Biljon.
15 Januarie: Sr Trudie Grobbelaar en Herman le Roux.
17 Januarie: Br Chris Smit.
!8 Januarie: Ronel du Plessis en Tersius du Plessi.
19 Januarie: Niel Melck

KLEINADVERTENSIES

RIEMPIES: Riempies gebreek/stukkend? Stoele en 2 sitplek banke. Kontak Jan Plomp. 012-667-3003 of 084-767-4880.

JOU NUTSMAN: Skakel vir Hendrik van der Linden by 071-220 -5683.

ALTOKLEEN: Skoonmaak van Matte, Meubels, Leer en Materiaal, Matrasse, Vensters, Geboue, Kantore, Store en Huise. Baie dankie, ALTA by 082-395-6449.

NEUTE. Gesels met George Lee oor vrugte en neute. Bel hom by 082-778-5511. Daar is ’n nuwe pryslys beskikbaar.

VLEIS. Chris du Plessis is weer op spoor met die verskaffing van die vleis. Skakel Chris by 084-517-6308

It’s my Party: Reël u kind se partytjie deur Elize Pretorius by 082-356-6603 of 012-663-6142. Al die benodighede vir die partytjie word verskaf.

ALGEMENE INLIGTING

Predikant: Ds Christo Swanepoel, Burgerlaan 113, Lyttelton Manor. 012-664-2195. Selfoon 083-263-7641. E-pos swanepoel.gerefkerk@telkomsa.net

Bedieningskommissie: Ouderling Kobus Erasmus. Tel 082-334-1845

Bestuuurskommissie: Ouderling Tiddo Voogt: 0828927748

Voorsitter van die Diakonie: Diaken Johan Howell Tel: 074 077 0001. **Susters Voorsitter:** Sr Griet Swanepoel. 012-664-2195

Die Silwerkrone Voorsitter: Br Jan Plomp 012-667-3003

Orrelis: Jaco Viljoen Tel: 076-554-6527

Koster: Mike Muller 012-667-3241

Kerkkantoor: Dirk Schoeman 082-473-9135

Bankrekening van die Kerk: Absa Bank Lyttelton, Takkode 335-045, Rek No: 0600-340-077

Die Kassier: Ouderling Kobus Robbertse 079-820-1329

Bankrekening van die Diakonie: Bank: ABSA Rek: 600280031 Tak: 632005

Bankrekening van die Susters: Gereformeerde Susters Komitee, ABSA Bank Lyttelton Takkode 335045, Rek No: 600 340 239

Die Koerier: Ferdie van Wyk - ferdievw@telkomsa.net

Gereformeerde Kerk Lyttelton
H/v Stasie en Monument Strate
Navrae: Dirk Schoeman
Tel 012-664-4325
E-pos: gkl@telkomsa.net

Skribas:
Oudl Carl Pohl
Selfoon: 082-469-1620
Oudl Pieter Bos
Selfoon: 081-390-2321

Attes Skriba: Henry Engelbrecht,
Tel: 012 664 0714. Selno: 082-680-6821
E-pos: henmet@telkomsa.net

Emosionele Ondersteuningsnetwerk: Indien u emosionele bystand weens eensaamheid, siekte, trauma ens. beleef of net wil deel word van die emosionele ondersteuningsnetwerk in ons gemeente, kan u gerus vir Trudie Grobbelaar (koördineerder) skakel by tel: 012 653 1195, of sel: 084 589 5965.